SAIV WEL-EN-WEË-BRIEF – MEI 2024

Dagsê Veteraan, met hierdie Wel-en-Weë-Brief wil die SAIV veterane in kontak bring met mekaar deur kennis te neem van jul welstand en wetenswaardighede en om allerlei brokkies nuus mee te deel.

- **Vryheidsdag 27 April 2024: Ons Nasionale Vlag.** Lees bladsy 2.
- **Pro Patria Museum Fees 1 Mei 2024: SAIV Uitstalling.** Kyk bladsy 3.
- **Moedersdag Sondag 12 Mei 2024.** Lees bladsy 3.
- **Verjaarsdagwense** aan die veterane, asook die gades wat hierdie maand verjaar.
  - "Die liefde maak alles mooi toe met hy se sawwe karos. Tale die hou op, voorspellingse vedwyn en woorde raak los, ma liefde die sal nou tot by ewageit toe net so bly staat." *(1 Korintiërs 13. Hans du Plessis. Innie skylte vannie Jirre. Griekwapsalms en ander gedigte)*
- **Spoedige Beterskapswense aan:**
  - Lt. Genl. R.F. Holtzhausen, Ere-President SAIV, ongesteld, word tuis versorg.
  - Lt. Genl. Wessel Kritzinger, Senior Lid, word tuis versorg.
  - Genl. Maj. Hans Moller, Senior Lid, ongesteld.
  - Genl. Maj. Hennie Schultz, Senior Lid, beenmurgkanker, ervaar beterskap.
  - Brig. Genl. Johann (Vossie) Vorster, Senior Lid, ontvang mediese sorg.
  - Flip Marx, drastiese beterskap na maandelange ongesteldheid.
  - Herman de Beer, Melksbosstrand, in Vredenburg 'Step-down', ontvang mediese sorg.
  - Robbie Godley, West Rand Branch, Swartruggens, still dependent from COPD.
  - Peet Dreyer, Centuriontak, sukkel met asemnood en gebruik suurstof.
  - Dirk Botha, Hoëveldtak, ontvang mediese sorg na operasie.
  - Dawid Botha, Trans Magaliestak, ontvang mediese sorg.
  - Mercia Coetsee, Centuriontak, ernstige heupprobleme.

- Alda Fouchee, Centuriontak, rugprobleme.
- John Quin, Centuriontak, wag vir hartklepvervangingsoperasie.
- Gert du Plessis, Centuriontak, gesondheidsprobleme.
- Steve Noonan, Wesrandtak, knieë operasie was toe in Maart 2024, sterk tuis aan.
- Cindy Bopp, Wesrandtak, operasie gehad, sterk tuis aan.
- Olivia Steenkamp, Wesrandtak, been gebreek, sterk aan vir verdere operasies.
- Nicolai Baudry, Wesrandtak, eggenote van Allan, enkel gebreek, sterk tuis aan na die operasie.

➢ **Koringkorrel** – In aansluiting by Psalm 23 vers 3: Hy lei my op die regte pad. "God het planne vir ons lewe – nie probleme nie. 'n Christen se lewe is opleiding vir hoër diens. Geen atleet maak beswaar as hy hard moet oefen nie. Hy dink net aan die wedstryd of wedloop wat voorlê." *(Corrie ten Boom)*

➢ **'n Mondvol**
"Waai 'n vlag en tel die helde; roep vrywilligers en tel die vlag.." *(Langenhoven)*

➢ **Kontak**: Wel-en-Weë-Brief: welenwee@sainfantry.co.za
Webtuiste: www.sainfantry.co.za
Facebook Blad: South African Infantry Association

➢ **Vryheidsdag 27 April 2024: Ons Nasionale Vlag is om middernag op 26 April 1994 vir die eerste keer gehys.**

- Die kleure van die nasionale vlag is swart, geel, groen, wit, blou en rooi. Die twee groen bane wat ineenloop, simboliseer versoening en die toekomstige eenheid van die diverse bevolking van Suid-Afrika.
- Die vlag is deur 'n voormalige staatsheraldikus, dr Frederick Gordon Brownell, ontwerp.
- Dr Fred Brownell het sy inspirasie geput uit die altaargewaad wat die kapelaan van die St Andrews School (Saints) in Bloemfontein dra toe hy die Y-vorm in die vlag vervat het.
- Hy is op 26 April 2024 postuum deur sy alma mater vereer, waar hy van 1950 tot 1957 'n koshuis leerling was, vir sy bydrae tot 30 jaar van demokrasie.
- Hy was in 1989 ook die ontwerper van die Namibiese vlag en landswapen.
- Hy is op 10 Mei 2019 in Pretoria op 79-jarige ouderdom oorlede.

➢ Pro Patria Museum Fees 1 Mei 2024 te Voortrekkermonument.

SAIV Uitstalling

➢ Moedersdag 12 Mei 2024: Hilna Boshoff se onthou…

"As ek my onthou oopsluit sien ek my Moeder se huis vol kinder- en kleinkinderportrette hang. Ek sien my naam voor in die familiebybel. Ek ruik die reuk van Vicks en Zink-pyn specific. Al hierdie dinge vertel dat ek lank gelede in simbiose saamgeleef het met 'n Moeder.

Ek was ook die perfekte skepping vir my Ma wanneer sy my hande vasgehou het en met oë na my gekyk het asof sy vir die eerste keer die lewe sien. Dan raak my google-kaart deurmekaar as ek aan 'n Moeder se liefde dink.

Sy wat nog steeds wakker lê en vergeet om vir haarself te bid, sodat ek op my knieë moet bly, wat my die persoon gemaak het wie ek vandag is, waar ek geleer het dat ons elkeen op ons eie trajek is, op soek na ons eie sleutel soos deur ons Moeders geslyp en geskaaf.

Waardeer jou Moeder nou, want die hemel het nie besoektye nie en jou teenwoordigheid maak 'n Moeder se lewe beter."

- **Spreuke 31:**

  "wa sal jy nou 'n deetlike vrou kry?
  want hy is dierbaarder asse tieroog en hy
  sôre mooi vi hy se man en al hulle se kjennerse
  hierielike vrouense makie manne ennie Jirre bly!
  (Hans du Plessis. Innie skylte vannie Jirre.
  Griekwapsalms en ander gedigte)